**29 Januarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 4:18-22**
**Fokusgedeelte: Matteus 4:19**

## Leiers is onmisbaar in die kerk en koninkryk

Ons het reeds gesien dat Johannes die Doper, leier van sy tyd en wegbereider van Jesus, deur Herodus in die tronk gestop is. Dit was vir Jesus die teken dat sy tyd gekom het. Nou gaan die koninkryk nog heerliker en kragtiger deurbreek in die openbare lewe en werk van Christus. Sekerlik het Christus beplan wie eendag sy werk gaan voortsit. Watter instrumente sal dan gebruik word?

So begin fase twee in die openbare optrede van Christus. Hy soek mense uit wat Hy roep, bekwaam en aanstel as leiers in die koninkryk (en die kerk). Geen gesin, familie of organisasie kan sonder leiers funksioneer in ons gebroke wêreld nie. Ook in die kerk en koninkryk is leiers onmisbaar.

Wie kies Christus? Belangrike, slim, geleerde of invloedryke mense? Nee, Hy roep dié wat die Vader aan Hom gee en Hy weet dadelik wat Hy van elkeen kan verwag. So sê Jesus dadelik vir Petrus (Joh 1:42): "Jy is Simon, seun van Johannes, jy sal Sefas genoem word." Sefas beteken dieselfde as Petrus." *Petrus* beteken "rots".

Mense wat Jesus roep en toerus om in sy koninkryk te werk, verskil in persoonlikheid en gawes, maar almal werk saam na één doelwit. Wat is dit? Om die koninkryk van God te bevorder. Dit gebeur *onder meer* wanneer ons almal vissers van mense word (vs 19), dit wil sê as ons die uitverkorenes van God op elke plek op aarde versamel. Streef ek en jy hierdie doel na? Hoe het jy gevorder tot vandag?

*Dr. Klasie Heystek (Emeritus)*